*C.H. Boshoff*

# DIE VRYE MARKSTELSEL AS EKONOMIESE STELSEL

## 1. Inleiding

Oor hierdie saak is reeds uiteenlopende standpunte ingeneem. Die verskyning van die Wiehahn- en Riekertverslae op die arbeidsterrein, die De Kockverslag oor ons wisselkoersbeleid en die gedagte van 'n konstellasie van Suider Afrikaanse state het hierdie saak weer opnuut na vore gebring. Die rede daarvoor is dat al hierdie sake uitgaan van die uitbouing van die vrye markstelsel ter oplossing van ons ontwikkelingsprobleme. Van belang is die feit dat die vrye markstelsel hier ter sprake is, en nie die kapitalisme nie. Dit is dus nodig dat ons onsself opnuut weer afvra wat hierdie stelsel presies is en wat dit beoog.

Om dit te kan doen, sal eers duidelikheid oor die ordeningsprobleem en -kriteria self verkry moet word. Daarna sal op die historiese ontwikkeling van hierdie stelsel as die *laisses faire*-kapitalisme gelet word, waarna die stelsel dan teen die ordeningskriteria geëvalueer sal word. Daarna sal aangetoon word dat die gereguleerde vrye markekonomie uit die *lasses faire*-kapitalisme ontwikkel het, juis om die tekortkominge van hierdie stelsel te probeer oorbrug. In die laaste instansie sal dan gepoog word om 'n Christelike fundering van die vrye markstelsel te probeer gee.

## 2. Ordeningsprobleme van 'n ekonomiese stelsel

### *2.1 Ordeningsprobleme*

Die ekonomiese probleem dat jy met jou relatief skaars middele maksimum behoeftebevrediging moet probeer verkry, is so oud soos die mensheid self. Reeds met die sondeval het God dit deel van die Skepping gemaak toe hy skaarsheid in die Skepping ingebou het (Genesis 3). Die mens se produk produksiebesluite moet dus so ekonomies moontlik georden word om sodoende sy behoeftes maksimaal te bevredig. Selfs die mens wat in volkome isolasie leef, het ook met hierdie probleem te doen. Robinson Crusoe moes byvoorbeeld, gegewe sy eiland se skaars bronne en hulpmiddele, sy behoeftes optimaal probeer bevredig.

Sodra ons egter met meer as een individu se produksieproses te doen het

(die sosiale ekonomie), ontstaan daar 'n behoefte aan 'n ordeningsproses en 'n ordeningsmeganisme. Produksie in 'n sosiale ekonomie is 'n proses waarin miljoene mense saamwerk. Deur spesialisasie kry ons verhoogde produktiwiteit en produksie, maar ook 'n groter interafhanklikheid van die verskeie individuele produksieprosesse. Dit is juis hierdie interafhanklikheid wat die ordeningsprobleme meebring. In die geval van Crusoe het hy alle feite geken en kon hy alle besluite in sy ordeningsproses self neem. In 'n sosiale ekonomie met sy groot mate van spesialisasie en omwegproduksie is so 'n omvattende besluit nie meer moontlik nie. Geen enkeling ken al die data oor die beskikbare bronne, die tegnieke van produksie en die behoeftes van die mense nie. Ten einde die produksie te organiseer, dit onder die lede van die sosiale ekonomie te versprei en belangebotsings tussen die individuele ekonomiese eenhede op te los, moet heelwat probleme bewustelik of onbewustelik opgelos word. Voordat ons die vrye markekonomie as ordeningsmeganisme van die ekonomiese stelsel bespreek en evalueer, moet ons eers die probleme formuleer wat dit in 'n sosiale ekonomie wil orden. Dit kan terselfdertyd ook as kriteria gebruik word om die stelsel teen te evalueer.

*2.2 Ordeningskriteria*

Omdat dit hier om ordening van die mens se ekonomiese proses gaan en die mens meer as net 'n ekonomiese wese is, moet die ekonomiese stelsel ook nie-ekonomiese kriteria in ag neem. Hoewel die bewoording mag verskil, stem Halm (1969), Grossman (1967), Snavery (1969), Hartog (1964) en Oxenfeldt en Holubnychy (1965) almal saam dat die volgende ordeningsprobleme by alle ekonomiese stelsels ter sake is. Dit geld dan ook terselfdertyd as die kriteria ter evaluering van die verskillende ekonomiese stelsels.

1. Op een of ander wyse moet vasgestel word wat geproduseer moet word en in welke hoeveelhede.
2. Die probleem van vir wie geproduseer word, moet opgelos word.
3. Hoe moet geproduseer word om die mees effektiewe metode van produksie en gebruik van skaars hulpbronne te verseker.
4. Omdat die mens nie 'n wese is wat net op instinkte reageer nie, moet daar prikkels (motivering) bestaan waarvolgens die mens se arbeid en die skaars hulpbronne waaroor hy beskik, na hulle mees ekonomiese aanwending toegewys kan word op die regte tyd en in die regte hoeveelhede.
5. Probleme 1-4 moet op so 'n wyse opgelos word dat die interafhanklike produksieproses gesinchroniseerd en gebalanseerd moet plaasvind.
6. Volledige gebruik moet van die produksiefaktore gemaak word. Dit behels ook die stabilisasie van produksie en volle indiensname.

7. In 'n groeiende ekonomie moet daar op een of ander wyse 'n beperking van huidige verbruik ten gunste van kapitaalvorming plaasvind. Dit geld ook die keuse tussen die huidige en die toekomsgebruik van skaars hulpbronne.
8. Die stelsel moet nie die beoefenaars toelaat om sy ekonomiese grense te oorskry en die medemens in die proses uit te buit nie. Dit beteken dat die stelsel ook 'n minimum inkomste en lewenstandaard aan alle inwoners moet kan waarborg.
9. Aanvullend hierby moet dit die ekonomiese soewereiniteit en vryheid van die individu as produsent en verbruiker waarborg.

## 3. Die vrye markekonomie

### *3.1 Sy historiese wortels*

Hoewel dit as ekonomiese stelsel eers grootliks na die Industriële Rewolusie sy volle wasdom bereik het, kan sy ekonomiese wortels reeds na 1776 teruggevoer word met die verskyning van The Wealth of Nations (Smith, 1950). Op nie-ekonomiese gebied lê sy wortels nog dieper in die geskiedenis. Wel het die ontdekkingstogte, die opkoms van die dorps- en jaarmarkte, asook die bankiers soos die Fuggers, die Welsers en die Hochsetters (dus finansiële kapitalisme) asook die Merkantilistiese ekonomie met sý opkoms van die fabriekswese, internasionale handel en bankwese sekerlik 'n baie groot invloed op die ontstaan van die stelsel gehad. Hier kan basies ses invloede tot die ontstaan van die stelsel onderskei word (Boshoff, 1976: 95-98).

In die eerste plek het die opkoms van die denke van die humanisme en daaruit voortspruitend die rasionalisme en materialisme 'n belangrike invloed uitgeoefen. Die humanisme met sy soeke na 'n oorsaaklikheidsverband tussen die verskeie natuurverskynsels, lei tot die Kopernikaanse omwenteling of denkrewolusie waarin die fisiese wêreld voorgehou is wat meganies funksioneer volgens meganiese wette. Newton het dit nog verder gevoer met sy swaartekragwette. In die rangorde van waardes het daar 'n Kopernikaanse omwenteling plaasgevind wat van groot belang vir die ekonomie was. Die mens het sy belang in die hiernamaals begin verloor en steeds meer belang begin stel in die lewe van hierdie materiële wêreld. Hierdie wêreld moes geken, ontdek en makgemaak word tot voordeel en genot van die mens. Die hieruit voortvloeiende materialisme het 'n beduidende invloed op die kapitalisme gehad. Veral die voortgang van die humanisme na die rasionalisme met sy kousale verklaringsmetode, het 'n groot rol gespeel. Die hele werking van die klassieke ekonomiese teorie is immers gebou op die rasionele

optrede van die mens (die homo economicus) en op die kousale metode van vraag en aanbod wat via die markmeganisme die ekonomie reël en reguleer.

Die tweede invloed was geleë in die Deïsme. Adam Smith as grondlegger van die *laisses faire*-kapitalisme was 'n oortuigde Deïs. Omdat God in die Skepping 'n volmaakte natuurlike orde ingeskape het, sal die vrye werking van die markmeganisme in die ekonomie ook so 'n volmaakte natuurlike orde meebring. Eiebelang, so is geglo, sal nie in die pad van 'n goeie maatskaplike resultaat staan nie. Die deur God geskape natuurlike orde sal sorg dat eie en gemeenskapsbelang mekaar nie uitsluit nie. Dit mond in die ekonomie uit die *laisses faire*-gedagte van die natuurlike ekonomiese orde waarby geen staatinmenging nodig is nie.

Die derde invloed was die utilisme van veral J. Bentham. Gegrond op die relatiewe skaarsheid van middele, word die waarde van 'n goed of diens gebou op sy nut. Hierdie waardeleer vorm uiteindelik via vraag en aanbod die basis van die prys van die goedere en dienste waarvolgens die mees rasionele gebruik van die skaars middele bepaal word.

In die vierde plek het die opvatting van materialisme en die humanisme dat die wêreld geken, ontdek en ontgin moet word, 'n belangrike bydrae gelewer tot die vooruitgang van die tegniek, wat veral sedert 1750 begin het as die Industriële Omwenteling. Hoewel die tegniese ontwikkeling van die Industriële Rewolusie reeds voor 1800 begin het, was dit toe nog hoofsaaklik tot uitvindings in die tekstielbedryf beperk — uitvindings soos spin- en weefmasjiene wat deur klein individuele ondernemings behartig kon word. Die werklik betekenisvolle ontwikkelinge vir die kapitalisme het egter eers na 1850 gekom. So het in die metallurgiebedryf die Bessemerproses in 1856, die opehaardmetode van Siemens in 1866 ontstaan, terwyl die elektriese hoogoonde van Siemens eers in 1879 ontstaan het. Ten opsigte van kragaandrywing ontstaan die binnebrandmasjien van Otto en Daimler tussen 1860 en 1883, die turbinemasjien van Parsons in 1891 en die oliedrukverbrandingsmasjien van Diesel in 1892 (Clough en Cole 1952: 393-414). Die gevolg was dat die moderne fabriek met massaproduksie as uitgangspunt vir die eerste keer 'n praktiese werklikheid kon word.

Hierdie tegniekontwikkeling het egter weer die ondernemersklas meegebring, wat weer via stemregwysigings die demokrasie verbreed het, en individualisme na vore gebring het. Gedurende die Renaissance het in die plek van die Middeleeuse universalisme die individualisme en ongebondenheid van die mens gekom; hy moes vry wees om self te kies en om self te beslis oor sy lot op grond van sy eie outonome gewete. Gevoed deur die gees van materialisme, het veral die burgerlike gees van Venesië en Florence begin triomfeer oor die antiwêreldlike gees van Rome. Dit is ook dan geen wonder dat Flo-

rence met sy handelaars en bankiers in sommige kringe as die „Bethlehem van die kapitalisme" bestempel word nie. Die logiese gevolg van hierdie ontwikkeling was die ontstaan van die openbare maatskappy waarin kapitaal byeengebring is met die spesifieke oogmerk om dit in die produksieproses aan te wend met die oog op die verkryging van wins. Hierdeur het die kapitalisme as ekonomiese stelsel dan volwassenheid bereik.

Die vyfde invloed was die vooruitgangsgeloof van die „Aufklärung". Die vooruitgangsfilosofie van veral Voltaire, Kant, het hier 'n groot rol gespeel. Diep onder die indruk van die vooruitgang in die wetenskap, die tegniek, kultuur en denke, ontstaan die vooruitgangsevangelie op ekonomiese gebied. Daar is geglo dat die rasionele mens deur middel van natuurbeheersing die heilstaat op aarde kan skep. Veral in Engeland kry ons dat die verligtingsfilosowe op ewolusionêre wyse die tegniese en die ekonomiese vooruitgang van die kapitalisme as middel beskou het om hierdie heilstaat te bereik. Omdat die mens self groei in die mate waartoe hy die natuur aan homself onderwerp, versterk dit die idee van die natuurlike orde. Onderlinge mededinging, en nie-staatsinmenging, sal die natuurlike orde in stand hou en sorg vir vooruitgang. Dit wat die vrye markekonomie via die markmeganisme en mededinging te voorskyn bring, is dus in ooreenstemming met die natuurlike orde.

Die sesde spoorslag vir die ontstaan van die kapitalisme lê in die Reformasie en die veranderde houding jeens die ekonomiese wat daaruit voortgevloei het. Die Hervormers het van die standpunt uitgegaan dat dit verkeerd is om die wêreldse en stoflike dinge gelyk te stel aan die sonde, omdat sonde nie in hierdie dinge as sodanig geleë is nie, maar in die gesindheid en houding van die mens. Terwyl die Roomse Katolieke Kerk wêreldse beroepe in ongunstige lig gestel het omdat dit die mens onder meer in kontak met die stoflike dinge gebring het, het veral Calvyn die klem gelê op die opdrag en roeping van die mens. Die vervulling van die mens se aardse pligte dra dus geen strafkarakter nie, maar is eerder roepingsvervulling. Dit het aan baie beroepe stimilus gegee. Deurdat die Reformatore ook verder private besit en besitvermeerdering, asook die hef van rente goedgekeur het, het dit 'n groot stimilus aan die kapitalistiese gees gegee en grootliks daartoe bygedra om die weg te open vir die aanwending van kapitaal in die moderne kapitalistiese produksieproses. Dit is dan ook geen wonder dat die kapitalisme in so 'n kort tydjie na die voorafgaande veranderinge tot sy volle wasdom gekom het nie. Die manoriale en gildestelsel, wat vir bykans tien eeue in Europa gegeld het, het binne twee tot drie eeue nadat hierdie veranderinge plaasgevind het, die kapitalisme meegebring.

*3.2 Laisses faire-kapitalisme*

Al hierdie faktore het meegewerk om die vrye markekonomie tot stand te bring. Met die dryfkrag van nuts- en winsmaksimalisasie en die beheerkrag van volledige mededinging sal al die ondernemingsprobleme van die sosiale ekonomie via die vrye werking van die vraag en aanbod (die markmeganisme) outomaties sonder enige staatsinmenging opgelos word. Deurdat elke individu op hierdie wyse sy eie ekonomiese proses verrig, gaan die werking van die markmeganisme uiteindelik ook die ordening van die totale stelsel meebring. Dit het uitgemond in die *laisses faire*-ekonomie van die natuurlike orde, soos veral deur Adam Smith beskryf is. Hy stel dit soos volg: „But it is only for the sake of profit that any man employs a capital in the support of industry; and he will always, therefore, endeavour to employ it in the support of that industry of which the produce is likely to be of the greatest quantity of money. As every individual therefore endeavours as much as he can... to so direct that industry that its produce may be of the greatest value, every individual necessarily labours to render the annual revenue of the society as great as he can. He generally, indeed, neither intend to promote the public interest, nor knows how much he is promoting it. By directing that industry as its produce may be of the greatest value, he intends only his own gain, and he is in this, as in many other cases, led by an invisible hand to promote an end which was no part of his intention" (Smith, 1950:477).

Hierdie idee van die natuurlike orde het veral sterk na vore getree by die Fisiokrate en tot sy logiese kuliminasie in die ekonomiese skole gelei. Pareto sien die ekonomiese wetmatigheid byvoorbeeld as verwant aan die wetmatigheid van die chemiese wetenskap, terwyl Menger as leier van die Oostenrykse grensnutskool aan ekonomiese wette die karakter van natuurwette toeken. Die geloof in die selfherstellende aard van die kapitalisme het Ricardo, een van die leiers van die klassieke skool, daartoe gebring om ekonomiese fluktuasies en die gevolglike resessie- en werkloosheidstoestande as bloot tydelik en „... a running against the tide" te bestempel (Lee, 1971:206). Die ekonomie sou vanself weer herstel.

Logieserwys het die staat 'n baie beperkte rol in hierdie stelsel gespeel. Uitgaande van die standpunt „he who governs least governs best", was die taak van die staat basies beperk tot die handhawing van wet en orde. Omdat die markmeganisme outomaties vir ekonomiese ordening sorg, het die staat dus geen taak te vervul in die ekonomie nie.

Hoewel hierdie stelsel oor tyd heen so verander het dat die vrye markekonomie van vandag nie meer die *laisses faire*-ekonomie van Smith is nie, bly die kern daarvan, naamlik die vry markmeganisme gebou op die waarde-

leer van ekonomiese nut, nog die kern van die stelsel.

### *3.3 Beginsels van die vrye markekonomie*

Hoewel daar vandag heelwat mengvorme van hierdie stelsel bestaan, kan die volgende beginsels as algemeen geldend in hierdie verband beskou word. (Halm, 1969:22):

1. Die produksiefaktore in private besit en produksie geskied op private inisiatief.
2. Inkomste word in geldelike vorm uit die verkoop van produksiefaktordienste en uit winste as ondernemingsvergoeding verdien.
3. Die lede van die ekonomie besit die vryheid van verbruik, beroep, spare en investering.
4. Die ekonomie word nie beplan, beheer of gereguleer deur die staat nie. Die staat voorsien slegs in kollektiewe behoeftes soos onderwys, ensovoorts, ding nie mee met die private ondernemings nie en skryf nie voor waar moet gewerk word of wat moet geproduseer word nie.

### *3.4 Evaluering van die vrye markekonomie*

Vervolgens moet nou gekyk word of hierdie model die gestelde ordeningsprobleme bevredigend oplos.

Wat die eerste probleem van wat om te produseer en in welke hoeveelhede, sowel as die derde probleem aangaande die mees effektiewe metode van produksie aanbetref, word gebou op die inkomste- en kosteberekenings van die private ondernemings. Hierdie probleem kan egter net opgelos word indien ons weet vir wie geproduseer moet word (die tweede probleem). Dit word opgelos deur dieselfde markmeganisme wat die data vir die inkomste- en kosteberekenings voorsien. Omdat die produksiefaktore in private besit is, sal die distribusie van die eienaarskap en die markpryse wat vir hulle produktiewe bydrae betaal word, die persoonlike inkomste van die lede bepaal. Die ontvangers van hierdie geldelike inkomste is, binne die grense van hulle inkomste, vry om te koop wat hulle wil. Dit bring mee dat die produksieproses gelei word (en aanpas by) veranderinge in die wense (die vraag) van die kopers. Mededinging op beide produkte- en produksiefaktormarkte lei tot pryse wat vraag gelyk aan aanbod maak. Op die produktemark sal wins tot groter aanbod lei, terwyl verlies 'n verminderde aanbod sal meebring. Hierdie proses sal aanhou totdat ewewig tussen vraag en aanbod bereik is teen 'n prys wat nie verdere aanpassings benodig nie. Die prysmeganisme sal outomaties die beste metode van produksie meebring (probleem drie). Om-

dat die vrye werking van vraag en aanbod die pryse van arbeid en ander produksiefaktore bepaal volgens die nut wat dit vir die produksieproses het, gaan die markmeganisme ook die nodige prikkel verskaf vir die beste toedeling van die produksiefaktore (probleem 4). Die winsmotief en mededinging los weer hierdie probleem vir die produsent op.

Die markmeganisme los hierdie probleem egter net goed op solank die markmeganisme volledig funksioneer en die mens slegs ekonomies rasioneel handel. As mededinging ontbreek, gebeur dit nie. Mededinging bring egter juis sy eie opheffing mee. Deurdat die meer produktiewe firmas in die mededingingsproses die minder produktiewe uitskakel, word mededinging en die volledige werking van die markmeganisme juis deur die voortgang van die stelsel uitgeskakel. Namate die produksieproses al meer kapitaalintensief raak as gevolg van massaproduksie, gebeur dit al meer. Die vrye markekonomie bied dus nie outomaties die beste oplossing vir probleem 4 nie. Dit word vererger deurdat die mens nie altyd net ekonomies handel in sy verbruiks- en produsenteoptrede nie.

Wat die vyfde probleem betref, naamlik dat die interafhanklike produksieprosesse gebalanseerd en gesinchroniseerd moet plaasvind, word op die volledige werking van die markmeganisme vertrou. Dit sou dan ook die sesde probleem van die stabilisasie van produksie en werkgeleentheid oplos. Veral onder die klassieke en neo-klassieke ekonome was die geloof sterk dat die vrye werking van die markmeganisme hierdie probleme sou oplos. Enige afwyking vanaf die volledige indiensname-peil van produksie sou herstelkragte in werking stel wat die ekonomie weer terug na die punt van ewewigsproduksie sou laat beweeg. Veral die 1933-depressie het finaal die mite van die selfherstellende ekonomie via die outomatiese werking van die onsigbare hand van Adam Smith verbreek. Daar is besef dat, indien die faktore ter motivering van die verbruikers- of investeringsvraag wysig, vraag en gevolglik produksie uit rat kan raak en sal aanhou daal tot by die depressiepunt, tensy hierdie motiveringsfaktore herstel. Die al groter mate van spesialisasie wat meebring dat geen enkele onderneming meer die hele mark oorsien nie, help mee dat oor- of onderskatting van die vraag en die daaropvolgende variasie in produksie 'n wesenskenmerk van die vrye markekonomie word. Die konjunktuurverskynsel, met die gevolglike resessie, depressie, werkloosheid en inflasie is dus iets inherents aan die werking van die vrye markmeganisme.

Die sewende probleem was dat 'n beperking van verbruik ten gunste van kapitaalvorming moet geskied, asook dat die skaars hulpbronne ook vir toekomsproduksie beskikbaar moet wees. Die vryheid van verbruikerskeuse behels ook die keuse tussen huidige en toekomstige verbruik derudat lede van

die vrye markekonomie vry is om 'n deel van hulle inkomste te spaar. Hierdie spare maak dan die produksie van kapitaalgoedere moontlik, wat weer vir ekonomiese groei kan sorg. Om spare by die investeringsvraag aan te pas, word op aanpassings in die rentekoers vertrou. Die praktyk wys egter dat die markmeganisme nie hierdie noodsaaklike aanpassings tussen spare en investering alleen kan meebring nie. Fiskale en monetêre owerheidsmaatreëls is nodig om die vrye beslissings in die ekonomie te beïnvloed om sodoende die noodsaaklike kapitaalvorming aan te help. Ook slaag die markmeganisme nie daarin om die huidige verbruik van skaars hulpbronne ten gunste van toekomsverbruik daarvan te beperk nie. Die wins- en mededingingsmotief as dryfkragte van die stelsel, en die gevolglike eiebelang bo gemeenskapsbelang bring inherent mee dat die huidige verbruik van skaars hulpbronne eerder die reël as die uitsondering is. Dit bring mee dat die staat hier moet ingryp met beplanningsmaatreëls van 'n beperkende aard.

Wat die agste en negende probleme aanbetref, naamlik die probleme van voorkoming van uitbuiting, die bewaring van vryheid en die verseker van 'n minimum inkomste, slaag die markmeganisme nie volledig in die oplossing van hierdie probleem nie. Gedryf deur die winsmotief en nutsmaksimering lei die mededinging juis tot die uitskakel van die ekonomies swakkere, met die gevolglike monopolievorming. Dit lei ook weer tot die opheffing van die produsentevryheid. Verbruikersvryheid bestaan wel, maar net binne die grense van sy inkomste. Omdat laasgenoemde primêr bepaal word deur sy besit aan produksiefaktore en die pryse wat daarvoor bepaal word, varieer persoonlike inkomste baie en lei die stelsel dikwels tot ongelyke inkomsteverdeling. Die geskiedenis van die Industriële Rewolusie is byvoorbeeld tiperend van hierdie swakhede van die vrye markekonomie. Die monopolievorming en uitbuiting van die trustbeweging van die VSA aan die einde van die vorige eeu as gevolg van die logiese toepassing van die markmeganisme as die enigste ordeningsbeginsel is 'n verdere voorbeeld hiervan. Na aanleiding van die Sosiaal Darwinistiese idees van veral Spencer is geglo dat die ekonomie 'n arena is waarin mense meeding. Die mededingingsvoorwaardes word deur die volledige mededingende markmeganisme bepaal. Dié wat wen, oorleef en word ryk. Dié wat verloor, is daarmee heen. Hierdie mededinging selekteer nie net die sterkes nie, maar verseker ook hulle voortbestaan. Tiperend van hierdie siening is die uitspraak van J.D. Rockefeller voor 'n kerklike gehoor in 1885. Hy sê: „The growth of a large business is merely the survival of the fittest. The American Beauty rose can be produced in the splendour and fragrance which brings cheer to its beholder only by sacrifising the early buds which grow up around it. As with the rose, so with the Standard Oil Co. This is not an evil tendency in business. It is merely the

working out of law of nature and a law of God" (Galbraith, J.K.:58).

Indien ons by die *laisses faire*-model van die vrye markekonomie bly vassteek, sien ons dat die markmeganisme alleen nie volledige ordening kan meebring nie. Ook dat dit uitbuiting en armoede meebring en selfs die kommunisme kan bevorder. In terme van die doelstellings van ekonomiese ordening kan die *laisses faire*-model dus nie volledig slaag nie. Meer nog, daar kan selfs ernstige beginselbesware teen die stelsel ingebring word.

### *3.5 Die moderne gereguleerde vrye markekonomie*

Ons moderne beheer of gereguleerde kapitalisme, wat ons liewer die private ordeningstelsel wil noem, stem egter nie meer volledig met die ou *laisses faire*-model ooreen nie. Sedert 1936 bring die Keynesiaanse orde mee dat die staat, as gevolg van die gedeeltelike mislukking van die ou *laisses faire*-stelsel, al meer 'n beheer- en ordeningsfunksie in die kapitalisme vervul. Deur wetgewing in verband met minimum lone, die lengte van werksure, die verbod op kinderarbeid, nywerheidsversoeningswet, die wet op die beheer van monopolistiese praktyke, die verbod op woekerwins en rente, ekonomiese ontwikkelingsprogramme asook monetêre en fiskale maatreëls ter konjunktuurstabilisasie, desentralisasiemaatreëls, ensovoorts, word die meeste van die inherent nadelige gevolge van die *laisses faire*-model uitgeskakel. Dit is van belang dat hierdie maatreëls nie net as byvoegsel tot die stelsel geld en dus sosialisties van aard is nie, maar dat dit vandag 'n integrale deel in die ordeningsproses van die vrye markekonomie vorm. In teenstelling met die *laisses faire*-model, sorg sentrale leiding en die markmeganisme vandag tesame en op 'n geïntegreerde wyse vir ekonomiese ordening. Die beskuldiging dat sekere uitbuitingspraktyke van die vorige eeu outomaties uit die vrye markstelsel sou ontstaan, kan dus nie netso op die huidige stelsel toegepas word nie.

Dit beteken dus dat staatsinmenging in die ekonomie nie per sé verkeerd is nie. Die *laisses faire*-stelsel het sy funksie net tot die voorsien van kollektiewe dienste beperk, byvoorbeeld onderwys, ensovoorts. Afgesien van die genoemde ordeningsmaatreëls ter aanvulling van die markmeganisme, kan daar selfs ook 'n saak uitgemaak word vir die staat se deelname aan die produksieproses self. Neem byvoorbeeld vervoer en posterye. Die oorgrote meerderheid van Suid-Afrika se bevolking is in die vier metropolitaanse gebiede gekonsentreer, met groot afstande tussenin, waar relatief min mense met min ekonomiese aktiwiteite bly. Indien vervoer en posterye byvoorbeeld net aan private inisiatief oorgelaat word, sal net die stedelike gebiede bedien word. Omdat die voorsiening van hierdie dienste aan baie platteland-

se gebiede onekonomies sal wees, sal hierdie gebiede die dienste moet ontbeer. Staatsoorname van die produksieproses is dus hier geregverdig.

Die saak verander egter wanneer die staat prosesse oorneem wat netso goed of selfs beter deur die private sektor bedryf kan word, ook waar die staat dit in direkte mededinging met die privaatsektor doen. In dié verband is sake soos die verkoop van Sasol-aandele aan die publiek, die verklaarde voorneme tot denasionalisering van Yskor, die inbring van private inisiatief as die metode waardeur die beoogde konstellasie van state bevorder wil word (in plaas van dat dit weer deur 'n staatsliggaam gedoen word), stappe in die regte rigting.

Wat hierdie gereguleerde vrye markekonomie aanbetref, is dit van belang om daarop te let dat hier gepraat word van die vrye markekonomie of die private ondernemerstelsel, en nie van die kapitalisme nie. Die woord 'kapitalisme', wat miskien dui op 'n verabsolutering van kapitaal en rykdom, was wel in ooreenstemming met die *laisses faire*-stelsel, maar kan nie sonder wysigings op die private ondernemingstelsel oorgeplaas word nie. Onder die *laisses faire*-stelsel was die kapitaalbesitter en die ondernemer dieselfde persoon, en het die besigheid gedraai om opbrengs op die kapitaal. Vandag gebeur dit dat die funksie van kapitaalbesit en ondernemer grootliks geskei is. Die verskynsel van gehuurde bestuur het bestuurselfstandigheid vandag so laat toeneem, dat die kapitaalbesitter (die direksie) dikwels net 'n rubberstempel geword het. Die gehuurde bestuur het die werklike „ondernemer" geword. Private inisiatief, en nie meer die kapitaal nie, het vandag die wese van die stelsel geword.

Hierdie private ondernemingstelsel waarin die staat 'n ordeningsfunksie verrig, lei egter nie inherent tot uitbuiting en ander wanpraktyke nie; dit ontstaan vandag eerder uit die karakter van die mens as besigheidsman. Die private inisiatiefstelsel van die moderne beheerkapitalisme beantwoord nie net beter aan die doelstellings van ekonomiese ordening deurdat dit die swak plekke van die *laisses faire*-stelsel grootliks oorkom nie, maar is ook vir die Christen heeltemal aanvaarbaar.

### *3.6 Begronding van die private ondernemerstelsel*

Vir die Christen se benadering tot die werklikheid van die ekonomiese stelsel geld daar basies drie beginsels. Eerstens die beginsel van die soewereiniteit van God. Tweedens die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Derdens die universaliteitsbeginsel.

### *3.6.1 Die beginsel van soewereiniteit in eie kring*

God het bepaalde wette daargestel wat die onderskeie aspekte van die werklikheid se wese en bestemming tipeer en hulle van mekaar afgrens. Hierdie norm bepaal ook die eiesoortigheid van die gesag binne die bepaalde aspek van die werklikheid. Hierdie norm geld ook weer vir die onderskeie onderdele binne die ekonomiese werklikheid, byvoorbeeld vir die onderneming ensovoorts. Die waardeafwegende besparende aanwending van die skaars middele kan as die ekonomiese norm gesien word. Dit bring noodwendig mee dat die ekonomiese stelsel die ekonomiese ordeningsprobleem so effektief (nuttig) as moontlik moet verrig. Dit is juis wat die stelsel van private inisiatief in sy wese baie meer geskik is om te doen as die kommunistiese stelsel.

Anders gestel, die onderneming moet in sy produksieproses ekonomies soewerein wees. Erhard (1962) gaan byvoorbeeld selfs so ver om te sê dat dit 'n Christen se ekonomiese geboortereg is. Dit is veral die geval in die moderne gereguleerde vrye markekonomie met sy ingeboude beheermaatreëls.

### *3.6.2 Soewereiniteit in eie kring staan onder die soewereiniteit van God*

God se soewereiniteit strek ook oor die ekonomiese. Uit Romeinse 13 leer ons dat die staatsgesag 'n instelling van God is. God het dus die staat georden tot openbare regsgesag om die raamwerk te vorm waarbinne die ekonomiese wetskring vry en ongehinderd kan funksioneer, asook om te waak teen grensoorskryding (of bedreiging van die soewereiniteit) van die verskeie samelewingskringe in die werklikheid. Daarvoor is ook aan die staat die swaardmag gegee. Dit lê dus in die aard van die staatsfunksie om as publiekregtelike regsmag ook die belange van die onderneming te koördineer en te harmonieer. Indien die onderneming in die uitoefening van sy ekonomiese vryheid byvoorbeeld sy grense oorskry deur gesondheidsondermynende dagga te kweek, kan die staat dit verbied. Dieselfde beginsel geld ten opsigte van minimum loonwetgewing, anti-monopoliewetgewing, ensovoorts.

Indien die onderneming byvoorbeeld die omgewing besoedel en plantelewe bedreig, vervul hy nie op die ekonomiese terrein sy ekonomiese roeping van bewerking en bewaring van die Skepping nie. Strafmaatreëls van die staat is dan in ooreenstemming met sy Godopgelegde taak. Daarom kan die staat ook met indikatiewe beplanning die ekonomiese proses help orden. Die beginsel van staatsordening, tesame met private inisiatief as ordeningsmetode, is dus nie in botsing met mekaar of in beginsel verkeerd nie. Solank die staat as hoogste regsgesag bloot die raamwerk daarstel waarbinne die

ekonomie vry en ongehinderd kan plaasvind en die staat teen grensoorskryding waak, is daar in beginsel niks fout met sodanige staatsinmenging nie. In dié verband moet die vierde beginsel van die vrye markekonomie in afdeling 3.3 hierbo effe gewysig word, naamlik dat die staat nou ook die funksie van indikatiewe leiding en ordening in die ekonomie bykry.

### *3.6.3 Soewereiniteit in eie kring staan nie los van die universaliteitsbeginsel nie*

Hoewel die mens uit 'n verskeidenheid funksies bestaan, vorm hulle 'n onlosmaaklike eenheid. Daarom kan die ekonomiese norm nie in isolasie geld by die ekonomiese nie. Dit geld ook vir die mens se ekonomiese aksies in die onderneming. Die kernprobleem van die ou *laisses faire*-stelsel was dat die soewereiniteitsbeginsel, dus die ekonomiese norm, verabsoluteer is. Baie van die tragiese gevolge van die ondernemingsaksies in hierdie stelsel kan hieraan toegeskryf word. Die feit dat die staat in die private inisiatiefstelsel 'n ordeningsfunksie besit, verminder die voorkoms van sodanige verabsolutering en uitbuiting drasties, maar hef dit nie op nie. Die verabsolutering van die ekonomiese norm kan ook onder hierdie stelsel ordeningsprobleme meebring. Maar dan lê die probleem nie by die stelsel van private inisiatief as sodanig nie, maar by die besigheidsman wat een aspek van die werklikheid wil verabsoluteer as gevolg van 'n verkeerde instelling.

## BIBLIOGRAFIE


BOSHOFF, C.H. 1976. Ekonomie. (*In* P. De Klerk, *red.,* Die geskiedenis in die weten wetenskap. PU vir CHO, Wetenskaplike Bydraes, Reeks A, nr. 2).

CLOUGH, S.B. en COLE, C.W. 1952. Economic history of Europe. D.C. Heath & Co., Boston, U.S.A.

ERHARD, L. (1962). Prosperity through competition: the economics of the German miracle. Thomes & Hudson, London.

GALBRAITH, J.K. (1967). The affluent society. Penguin Books.

GROSSMAN, G. 1967. Economic systems. Prentice-Hall Foundations of modern economic series, Englewood Cliffs, New Yersey.

HALM, G.N. 1969. Economic systems. Holt, Rinehardt and Winston, New York.

HARTOG, F. 1964. Grondslagen van de economische politiek. H.E. Stenfert Kroese, Leiden.

LEE, M.W. 1971. Macroeconomics: fluctuations, growth and stability. R.D. Irwin Inc., Homewood, Illinois.

OXENFELDT, A. en HOLUBNYCHY, V. 1965. Economic systems in action. Holt, Rinehardt & Winston, New York.

SMITH, A. (Cann, E. red.). 1950. The wealth of nations. University Paperbacks, Methuen, London.

SNAVERY, W.P. (1969). Theory of economic systems. C.E. Merrill, Columbus, Ohio, U.S.A.

**